

GAAN EN BOU DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS

OPBOUENDE BEDIENINGS
VAN DIE KERK

deur
DOTA

HANDLEIDING 7
VIR GROEOPLEIERS

Eerste uitgawe 2015

INLEIDING

Wat is die Gemeente (Kerk)?

Op internasionale vlak is die Gemeente die Liggaam van Christus (Efesiërs 1:22-23) en alle Christene is lede van daardie één Liggaam (1 Korintiërs 12:12). Op plaaslike vlak is die Gemeente 'n byeenkoms van Christene in 'n huis (Romeine 16:5) of in 'n stad (1 Korintiërs 1:2). Alleen Jesus Christus is die Hoof van die wêreldwye Gemeente en van alle plaaslike gemeentes. Alleen Hy is die Opperherder en Opsier (Biskop)(ANV: Bewaker) van die Gemeente (1 Petrus 2:25; 5:4). Die Gemeente (Kerk) is 'n geestelike huis waarvan elke Christen 'n lewende steen is (1 Petrus 2:5) of 'n woning van God in die Gees (Efesiërs 2:21-22). Die Gemeente is die huishouding van God en die Christene is die huisgenote (familie) van God (Efesiërs 2:19). Dit het God Self as die liefdevolle en sorgsame Vader en alle Christene as broers en susters van mekaar. Die Gemeente is 'n kudde skape wat die herder volg wat voor loop (1 Petrus 5:2; vergelyk 2:25; 5:4). Die Gemeente is 'n heilige volk van God wat bestaan uit mense wie God uit alle volke in die wêreld uitgekies het (1 Petrus 2:9-10). Die Gemeente is 'n sigbare verskyning van die koninkryk of koningskap van God op die aarde (Matteus 13:36-43; 16:18-19; 21:42-44). Die Gemeente is nog nie 'n volmaakte werklikheid nie, maar by die wederkoms van Christus sal die Gemeente die volmaakte bruid van Christus wees (Openbaring 21:1-2,9-10; vergelyk 19:7). Enersyds is die Gemeente die Strydende Kerk in die wêreld, waar Christene vasstaan teen die aanslae van haar vyande (Matteus 16:18-19; Efesiërs 6:10-18; Openbaring 12:10-12). Andersyds is die Gemeente die Triomferende Kerk in die hemel waar die geeste van afgestorwe Christene al in die teenwoordigheid van God leef (Galasiërs 4:26; Hebreërs 11:10,16; 12:22-24; 13:14).

Hoe word die Gemeente (Kerk) gebou?

Christus is die Stigter en Bouer van die Gemeente. Hy bou sy Gemeente en die poorte van die hel sal haar nie oorweldig nie (Matteus 16:18)! Hy lei (oefen sy gesag uit in) sy Gemeente deur die Heilige Gees (Handelinge 20:28), die Bybel (2 Timoteüs 3:16-17) en die raad van ouderlinge van die plaaslike gemeente (1 Timoteüs 5:17). Christus het allereers sy apostels gebruik om die fondament van die historiese gemeentes onder die Jode, die Samaritane en die heidene te lê (Efesiërs 2:20). Nou gebruik Hy gewone Christene om sy gemeente te bou. Hy bou sy Gemeente op Christene wat die volgende doel het: die christelike lewe sigbaar uit te lewe (Efesiërs 4:1-2), die eenheid van die Gees te bewaar deur die gesonde christelike leer (waarhede) (Efesiërs 4:3-6) verskeidenheid binne hierdie eenheid te bewaar (Efesiërs 4:7-11) alle Christene toe te rus tot 'n groot verskeidenheid van praktiese bedieninge in en buite die gemeente (Efesiërs 4:12) en alle Christene tot dissipels (volwasse, funksionerende en volhardende Christene) van Christus te maak (Efesiërs 4:13-14). So word die Gemeente van Christus gebaseer op waarheid, liefde, gelykvormigheid aan Christus en voortdurende groei (Efesiërs 4:15-16). Die opbou van die Gemeente van Christus is die taak van alle Christene.

Die DOTA kursus maak die opbou van die Gemeente prakties deur aan die groepsleier die volgende te gee:

1. Elkeen van die vier handleidings bevat 12 weeklikse lesse wat in drie maande voltooi kan word. Of deur 12 twee-weeklikse lesse in ses maande. In die intensiewe kursus kan één handleiding in ses dae voltooi word.
2. Belangrike Bybeltekste help die studente om Christus, sy Gemeente en die Bybel goed te ken.
3. Die instruksies in vetdruk soos "lees" en "ontdek en bespreek" help die groepsleier hoe om die groep te lei.
4. Die "aantekeninge" gee as 'n riglyn aan die groepsleier 'n samevatting van die antwoord op elke vraag.
5. Die toerustingkursus gee praktiese metodes om 'n gemeente te bou en die Evangelie van Johannes alleen of in 'n kleingroep te bestudeer.
6. Elke les het voorbereiding om tuis te doen. Dit word aan die studente uitgedeel aan die einde van elke les.
7. Die toerustingkursus is maklik om aan andere oor te dra. Na voltooiing van 'n handleiding met twaalf lesse, mag die studente wat van plan is om andere te onderrig 'n kopie van die handleiding ontvang.

Ons gebed is dat die Here die getal gemeentes (huishoude) in jou omgewing baie sal laat toeneem! Jesus het gesê: ".....op hierdie rots sal Ek my Kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matteus 16:18)! Mag die Here verheerlik word! Want "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen" (Romeine 11:36).

DOTA¹

2015 (Eerste uitgawe in Afrikaans)

KOPIEREG

Daar is kopiereg op die vier handleidings. Hulle mag vryelik gekopieer word vir opleidingsdoeleindes, maar hulle mag nie verkoop, verander of in ander tale vertaal word sonder die geskrewe toestemming van die skrywer nie.

AANBEVELING

Die materiaal is bedoel om wyd gebruik te word en om vir baie tot 'n seën te wees. Aangesien die doel van die vier handleidings is om Christene op te lei of toe te rus, word dit aanbeveel dat alleenlik die groepsleiers van hierdie dissipel-opleidingskursus kopieë van hierdie handleidings sal maak. 'n Student moet alleenlik 'n ongewysigde kopie van die handleiding of van 'n les ontvang, nadat die kursus van twaalf lesse voltooi is en alleenlik as hy dit vir 'n ander persoon of 'n kleingroep gaan aanbied.

¹ DOTA = Discipleship training On The Air.

Die naam kom van die tyd toe hierdie kursus hoofsaaklik oor die radio uitgesaai is in die Verre Ooste en in die Midde Ooste.